

My gebed vir jou!

Maandag 4 Oktober 2021

Fil 1:9-11

9 **Ook bid ek** dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling,
10 **sodat** julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. **Dan sal julle** op die dag
wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees,
11 en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof
en eer.

Ek onthou jare gelede; toe my swaer oorlede is op 'n jong ouderdom van 30 jaar, het my skoonpa
gesê: “Baie mense sê jammer om te hoor, simpatie, sterkte ens. Maar diegene wat gesê het ons
bid vir julle, dit was woorde van werklike vertroosting.”

Dit is seker een van die belangrikste geloofshandeling en vertroosting wat ons kan hê: “Bid vir
mekaar!” Dit is wat Paulus hier vir eerste gemeente wat hy gestig het op Europese bodem sê.
Hy sê dat hy vir hulle BID, dat hy God vir hulle dank en dat hy vir spesifieke sake bid.

Is dit nie 'n wonderlike vertroosting as iemand vir jou en jou vreugdes, nood en behoeftes bid
nie?

Paulus bid in vers 9 dat hulle in liefde sal toeneem, maar ook spesifiek in begrip en fyn
aanvoeling.

Toeneem in Liefde. Liefde is dit groot gebod. Jesus het aan ons geleer wat liefde werklik is.

- God is liefde. 1 Joh 4:8,16
- Ons moet God eerste liefhê met ons hele hart en siel en verstand. Mat 22:36
- Ons moet mekaar liefhê, soos wat jy jouself liefhet. Matt 22:39

Dit is so maklik om te sê dat jy liefhet, maar bewys jou dade dit? Bevestig jou dade jou
woorde? Paulus bid dat die liefde sal toeneem. As ons werklik vir mekaar bid en dit opreg
bedoel, en mekaar aan die Here opdra, sal ons al meer en meer die werlike doel van die lewe
besef. Ons sal vir mekaar omgee en vir mekaar sorg.

Bid daarom in en deur Jesus Christus alleen. Dit is so belangrik. Jesus Christus is ons hele
lewe. Hy het ons in die regte verhouding met God en ons medemens geplaas. Hoe meer jy bid,
hoe meer dring die Heilige Gees jou om Geesvervuld te lewe, te dink en te werk.

Ons moet vir mekaar bid. Ons moet spesifiek bid vir mekaar se behoeftes. My bede vir julle
is ook dat julle werklik die liefde van God deur Jesus Christus in julle lewens sal ervaar. Dat
julle werklik sal besef hoe groot en genadig en vol liefde God is. Dat ons met blymoedigheid
ons lewens kan leef in dankbaarheid teenoor God vir wat ons is en het.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com